Maak die tempelpoort vir my oop: ek wil ingaan en die Here loof. Dit is die poort na die Here toe; regverdiges mag daardeur ingaan. Ek wil U loof omdat U my gebed verhoor en my gered het.

(Ps. 118:19-20)

Genade en vrede van Jesus Christus ons Here...

- wat in die lyf van ‘n mens aarde toe gekom het;
- wat, Al was hy God, nie daarmee loop en spog het dat almal moet weet hoe belangrik Hy is nie;
- wat, Toe Hy op aarde was, die vuil werk gedoen wat gewone mense nie eintlik wil doen nie;
- wat so vir ons gewys het hoe lief Hy vir ons is.





# Flam 171

Hosanna (x3)
in die hoogste.
Hosanna (x3)
in die hoogste.
Ons verheerlik u Naam
soos ons nou voor U staan.
U's verhewe, o Here God.
Hosanna in die hoogste!

Loof Hom (x2)
loof die Koning en die Heer.
Loof Hom (x2)
bring aan Hom die lof en eer.
Heer, ons bring U die eer,
U, ons Koning en Heer.
Word verheerlik, o Here God.
Hosanna in die hoogste!

# Flam 171

Hosanna (x3)
in die hoogste.
Hosanna (x3)
in die hoogste.
Ons verheerlik u Naam
soos ons nou voor U staan.
U's verhewe, o Here God.
Hosanna in die hoogste!

Loof Hom (x2)
loof die Koning en die Heer.
Loof Hom (x2)
bring aan Hom die lof en eer.
Heer, ons bring U die eer,
U, ons Koning en Heer.
Word verheerlik, o Here God.
Hosanna in die hoogste!





# Johannes 12:12-19

12. Die volgende dag het die groot menigte mense wat na die fees toe gekom het, gehoor dat Jesus na Jerusalem toe kom. 13. Hulle het palmtakke gevat en Hom tegemoet gegaan en uitgeroep:

*“Prys Hom!*

*Loof Hom wat in die Naam*

*van die Here kom!”*

en:

“*Die Koning van Israel!”*

14. Jesus het toe op 'n jong donkie geklim wat Hy daar gekry het, soos daar geskrywe staan:

15“*Moenie bang wees nie, Sion!*


*Kyk, jou Koning kom,*

*en Hy ry op 'n donkie.”*

16. Jesus se dissipels het hierdie dinge eers nie verstaan nie, maar nadat Hy verheerlik is, het hulle daaraan gedink dat wat daar geskrywe staan, op Hom betrekking gehad het en dat dit met Hom gebeur het.

17. Die mense wat by Jesus was toe Hy vir Lasarus uit die graf geroep en hom uit die dood opgewek het, het gedurig daaroor gepraat. 18. Daarom het die menigte vir Jesus tegemoet gegaan: hulle het gehoor dat Hy hierdie wonderteken gedoen het. 19. Die Fariseërs het toe vir mekaar gesê: “Sien julle, julle rig niks uit nie! Kyk, die hele wêreld gaan agter hom aan!”






Jesus ry op ‘n donkie
Jerusalem binne ...

As jy aan ‘n donkie dink, wat kom alles in jou kop?





Jesus ry op ‘n donkie Jerusalem binne ...





Hoekom het die mense dit gedoen?

Hulle het begin sing en hulle klere op die grond voor Hom gegooi

Op watter maniere kan ons die Here loof en prys?





Hulle het begin sing en hulle klere op die grond voor Hom gegooi



Wat is jou gunsteling liedjie waarmee jy die Here prys?



Hulle het begin sing en hulle klere op die grond voor Hom gegooi



Waarvoor wil jy vandag die Here loof en prys?



Hulle het begin sing en hulle klere op die grond voor Hom gegooi

# Flam 117

Loof Hom met die tromme,
loof Hom met die harp,
loof Hom met die
klinkende simbale.
Alles wat asem het –
loof, loof die Heer!
Alles wat asem het –
loof, loof die Heer!


Prys Hom met jul stemme,
prys Hom uit die hart.
Prys Hom in die hemel en op aarde.
Alles wat asem het –
loof, loof die Heer!
Alles wat asem het –
loof, loof die Heer!







Jesus ry op ‘n donkie
nie ‘n perd nie




Palmsondag vra of ek nie ook soos die skare is wat ‘n Jesus soek wat aan my verwagtings voldoen nie?





Jesus ry op ‘n donkie - nie ‘n perd nie



Sê vir Jesus askies dat jy net altyd wil hê dat Hy moet dink en sien soos jy dink en sien. Vra Hom om jou hart te verander.





Jesus ry op ‘n donkie nie ‘n perd nie






Jesus Christus is Koning van my lewe, daarom is ek ook ‘n Jesus-draer

Stel jou voor Jesus ry op die donkie. Hy kyk reguit na jou. Hy glimlag. Hy weet wie jy is en Hy is lief vir jou. Jy hoor Hom sê: “*Ek is jou Koning. Sal jy My volg?*” Wat wil jy vir Hom sê




Jesus Christus is Koning van my lewe, daarom is ek ook ‘n Jesus-draer

Jesus, wees die Koning van my hart

Ek wys Jesus is Koning van my lewe wanneer ek ...






Jesus Christus is Koning van my lewe, daarom is ek ook ‘n Jesus-draer

Die donkie het Jesus in Jerusalem ingedra, sodat ek en jy Jesus in die wêreld kan indra




Jesus Christus is Koning van my lewe, daarom is ek ook ‘n Jesus-draer

# Op pad om gekroon te word as koning van my hart



# Bevestiging as kerkraadslid



# Lied 505: 1

Jesus, U gaan voor –

ons volg in u spoor.

U ken alle lewenspaaie,

al die hoogtes, dieptes, draaie.

Kom en vat ons hand

na die Vaderland.

# L 505:2

Jesus, U gaan voor -

ons volg in u spoor.

Laat ons selfs in donker dae

altyd volhou sonder klae.

Ons wil soms bly staan,

as U voorwaarts gaan.

## L 505:4

Jesus, U gaan voor -

ons volg in u spoor,

ook waar niemand dit wil waag nie,

waar niks anders ooit sal slaag nie.

U wat alles sien,

leer ons sinvol dien.

# Op pad om gekroon te word as koning van my hart